higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NKR VLAK 2

(Tweede vraestel)

(4101042)

8 November 2024 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 addendum.

036Q2N2408

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 2
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 60

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

2. Beantwoord slegs EEN vraag in elke afdeling.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan (bv. 'n breinkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet vóór die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning sodra jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Beantwoord EEN van die vrae in AFDELING A waarvan die inhoud 120 tot 150 woorde moet wees.

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

SITUASIE

Jy en ander vakansiegangers is beroof tydens jul sprokiesvakansie by 'n welbekende vakansie-oord langs die see. Geen polisie of wetstoepassers was in sig tydens die voorval nie. Julle was erg getraumatiseer ná die voorval.

OPDRAG

Skryf 'n brief (120–150 woorde) aan die redakteur van die plaaslike koerant waarin jy jou misnoeë oor dié voorval uitspreek en vra dat daar dringende oplossings gevind moet word.

Onthou:

- Rig die brief aan die redakteur.
- Dit is 'n formele brief.
- Verwys direk na die probleem./Voer moontlike redes aan.
- Noem kortliks waar die sprokiesvakansie was.
- Stel jou saak duidelik en logies en staaf dit met bewyse.
- Noem die skade/ongerief/trauma wat die diefstal aan jou en ander vakansiegangers berokken het.
- Stel ingrypings voor wat jou tevrede sal stel.
- Onthou om met 'n welwillendheidsparagraaf af te sluit.
- Jy kan 'n skuilnaam gebruik, maar die skrywer se naam moet aan die einde verskyn. **[30]**

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF

SITUASIE

Jou kollege se buiteklub wil graag op 'n staptog van twee nagte gaan. Julle wil op 'n spesifieke Vrydagmiddag vertrek en die Sondagoggend terugkom.

OPDRAG

Skryf 'n brief (120–150 woorde) aan die plaaslike Parkeraadkantoor waarin jy navraag doen oor moontlike wandelroetes wat beskikbaar is en hoeveel dit per persoon of per groep per nag gaan kos.

Verduidelik wat die doel van die staptoer is. Noem hoeveel mans en vroue (studente) en dosente in die groep gaan wees.

Maak seker jy verkry inligting oor die:

- soort slaapgeriewe;
- toerusting wat studente benodig;
- afstand en moeilikheidsgraad van die verskillende staproetes; en
- die veiligheidsmaatreëls wat in plek is.

Onthou:

- Dit is 'n formele brief.
- Sit die navraag logies uiteen – een paragraaf per gedagte. Maak seker dat al die noodsaaklike inligting gegee word.
- Bou welwillendheid – spreek dank uit vir moeite wat met die navraag gedoen word. **[30]**

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

SITUASIE

Die sportbestuurspan van Bergsigkollege oorweeg die moontlikheid om die verskeie sportsoorte wat op die kampus aangebied word te vermeerder.

As deel van die projek moes jy navorsing doen oor sportsoorte waaraan studente buite die kollege deelneem.

OPDRAG

Skryf 'n formele verslag (120–150 woorde) waarin jy duidelik uiteensit hoe jy te werk gegaan het om jou inligting te bekom asook jou bevindings en gevolgtrekkings.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Opdrag en doel van die verslag (in volsinne vermeld):
  - Naam van die persoon/instansie wat opdrag gegee het
  - Datum van die opdrag
  - Die rede waarom die opdrag gegee is (Wat moet ondersoek word?)
  - Datum waarop die ondersoek afgehandel moet wees
- Ondersoekmetodes, bv. vraelyste, onderhoude, persoonlike waarnemings, ens.
- Bevindings
- Gevolgtrekking
- Aanbevelings

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Beantwoord EEN van die vrae in AFDELING B en skryf (80–100 woorde) daaroor.

VRAAG 4: BESKRYWING

SITUASIE

Jy en jou klasmaats was in 'n taxi op pad kollege toe, toe 'n ongeluk reg voor jul oë gebeur.

OPDRAG

Gee 'n skriftelike beskrywing van dié gebeure aan die polisie in 80 tot 100 woorde.

Volg hierdie proses vir jou skryfstuk:

- Titel: Ongeluk
- 'n Gepaste inleidende sin
- Waar en wanneer het die ongeluk plaasgevind? Hoe het die ongeluk gebeur?
- Wie was by die ongeluk betrokke?
- Wie was verantwoordelik vir die ongeluk?
- Hoeveel mense is beseer?
- Jou gewaarwordinge en emosies wat jy op die tydstip beleef het
- Hoe voel jy oor/na die ongeluk?
- 'n Gepaste slotsin (hoe dit jou geaffekteer het)
- Let op na die sinskonstruksie, leestekens en spelling. **[20]**

OF

VRAAG 5: INSTRUKSIES

SITUASIE

'n Vriend van jou is skielik en sonder rede afgelê. Hy het slegs 'n beperkte skeidings-pakket ontvang en weet nie regtig hoe om die saak te hanteer nie. Hy is ook bekommerd oor hoe hy 'n bestaan gaan maak.

OPDRAG

Beskryf kortliks en stapsgewys (80–100 woorde) aan hom/haar hoe om die probleem te hanteer.

Jy kan van die woorde in die onderstaande kassie gebruik om die stappe te formuleer.

familie en vriende; aanpassings; vakbond; kontrakbreuk; regstappe; werkgewer; verwysings; arbeidsmakelaar; finansiële adviseur; spaarrekening; belegging; CV; professionele netwerk; WVF; verbeter vaardighede

Hou die volgende in gedagte:

- Instruksies word altyd in die bevelvorm gegee.
- Gebruik nommers of kolpunte om orde aan te dui.
- Skryf in volsinne.
- Maak seker elke instruksie is relevant. **[20]**

OF

VRAAG 6: E-POS

SITUASIE

Jy dien op die komitee by jul kollege wat kospakkies reël vir behoeftige studente wat honger kollege toe kom.

OPDRAG

Skryf 'n e-pos aan jou maat, waarin jy hom/haar uitnooi om te help met die voorbereiding en uitdeel van dié kospakkies. Gebruik die templaat in die ADDENDUM (aangeheg).

Sluit die volgende in:

- Hoekom jy juis aan hom/haar gedink het om te help
- Doel van die kospakkies
- Plek, waar en wanneer die voorbereiding van die kospakkies plaasvind
- Wie almal betrokke is by die voorbereiding van die kospakkies
- Inhoud van die kospakkies
- Atmosfeer gedurende die voorbereiding van die kospakkies
- Verskil wat dit aan die studente maak **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

Beantwoord EEN van die vrae uit AFDELING C waarvan die inhoud 30 tot 50 woorde moet wees.

VRAAG 7: DIALOOG

SITUASIE

Jy wil graag op die sporttoer na die Noord-Kaap gaan. Jy moet jou ma/pa oorreed om vir jou te betaal om te kan gaan.

OPDRAG

Skryf jul gesprek in dialoogvorm neer.



Onthou die volgende:

- 'n Dialoog word in die direkte rede geskryf.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Toon sover moontlik die stemming van die spreker aan *(kursief)*. **[10]**

OF

VRAAG 8: KLEIN ADVERTENSIE

SITUASIE

Jy is 'n student wat 30 km vanaf die kollege woon. Jy is op soek na 'n saamrymaat wat jou kan help om jou petroluitgawes te dek.

OPDRAG

Ontwerp 'n klein advertensie wat jy op die kennisgewingbord by jou kollege kan opplak.

Onthou die volgende:

- Gebruik die ABBA-beginsel.
- Die advertensie moet dadelik die aandag trek.
- Gee duidelike inligting oor die motor.
- Noem die koste en verskaf die kontakbesonderhede.
- Gebruik verskillende lettertipes en -groottes. **[10]**

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

SITUASIE

Jou kollege reël 'n groot sportbyeenkoms waaraan al die klubs in jou dorp kan deelneem. Dit gaan by jou kollege se sportterrein plaasvind.

OPDRAG

Ontwerp 'n plakkaat wat jy oral in jou dorp se strate kan opsit om studente na die sportbyeenkoms te lok.

Onthou die volgende:

- 'n Plakkaat berus op die sogenaamde ABBA-beginsel: dit moet die aandag, belangstelling, begeerte en aksie van die leser bewerkstellig.
- Verskaf die nodige besonderhede: plek, waar en wanneer die sportbyeenkoms gaan plaasvind.
- 'n Plakkaat moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Verskaf ook redes waarom mense kos by die kosstalletjies moet koop.
- Gebruik verskillende lettergroottes en -tipes. **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM **EKSAMENNOMMER:**



Kopiereg voorbehou